Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 25 OKTOBER 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen
Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan Ds Q Minnaar wat onlangs beroep is na die VGK-gemeente, Malmesbury. Die Speaker wens Ds Minnaar sterkte toe met sy bediening in die Swartland.

Ds Minnaar open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Z Bekebu, L E Mfutwana, C H Papers, B J Penxa en B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Nota: Die Munisipale Bestuurder versoek dat raadslede kennis neem dat die Portefeuljekomiteesvergadering in November op Donderdag, 15 November 2018 gehou sal word en dat die tyd van die vergadering met raadslede gekommunikeer sal word.

3.1 ERKENNING VAN RAADSHEER EN RAADSDAME

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die raadslede bekend te maak wat vir hul uitsonderlike diens aan Swartland Munisipaliteit vereer word.

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om 'n sertifikaat te oorhandig om daarmee die titel van Raadsdame en Raadsheer onderskeidelik aan die raadslede toe te ken, naamlik

3.1/...

(1) Raadsdame Marlene van Zyl
(2) Raadsheer Reginald Fred van der Westhuizen

BESLUIT DERHALWE

(a) Dat rdl M van Zyl (somtotaal van 31 punte) kwalifiseer vir Raadsdameskap;

(b) Dat rdl R F van der Westhuizen (somtotaal van 37 punte) kwalifiseer vir Raadsheerskap;

(c) Dat kennis geneem word dat daar geen kwalifisering ten opsigte van die betrokke raadslede bestaan ingevolge die strafbepaling soos vervat in die beleid nie;

(d) Dat kennis geneem word van die reëling deur die Speaker dat Raadsdames en Raadshere die raadsaal apart sal binnekom ter erkenning van die besonderse titel.

3.2 OORHANDIGING VAN M-VERHANDELING AAN RAAD DEUR MNR CHRIS HUNSINGER – "AN EVALUATION OF THE PUBLIC BENEFIT OF CLEAN AUDIT FINDING AND BENCHMARKING IN THE PROVISION OF SERVICES IN THE SWARTLAND MUNICIPALITY"

Die Speaker verwelkom mnr Chris Hunsinger by die raadsvergadering en gee geleentheid vir mnr Hunsinger om die Raad toe te spreek.

Mnr Hunsinger noem dat dit 'n voorreg was om sy ondervinding as raadslid van die Swartland Munisipale Raad te gebruik in die opstel van sy verhandeling. Mnr Hunsinger bedank rolspelers in die Swartland munisipale gebied waarmee gesprekke gevoer is ter ondersteuning van sy verhandeling.

Daar is met trots tydens interaksies met akademici – waarvan sommiges nie bewus was van Swartland Munisipaliteit nie – genoem dat alhoewel Swartland Munisipaliteit nie een van die grootste munisipaliteite in die land is nie, dit wel die beste voorbeeld van 'n plaaslike owerheid is.

Die Speaker gee geleentheid vir mnr Hunsinger om sy M-verhandeling met die titel: "An evaluation of the public benefit of clean audit finding and benchmarking in the provision of services in the Swartland Municipality" aan die Uitvoerende Burgemeester te oorhandig.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 22 AUGUSTUS 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 22 Augustus 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 30 AUGUSTUS 2018

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur raadsdame M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Augustus 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 7 SEPTEMBER 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 7 September 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 18 JULIE 2018

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2018, saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2018

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 19 SEPTEMBER 2018, saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 12 SEPTEMBER 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 2 AUGUSTUS 2018
6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2018
6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 30 AUGUSTUS 2018

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 van MFMA): JULIE TOT SEPTEMBER 2018 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Speaker gee geleentheid vir raadslede om vrae ter verduideliking te stel en die volgende is, onder andere, van die besprekingspunte:

(1) Die basiese waterheffing van R99.48 (BTW ingesluit) is nie bekostigbaar vir die armes nie en moet, op versoek van rdl D B Philander, hersien word vir die volgende finansiële jaar;
(2) Alhoewel die uitvoering van die Nasionale Ontwikkelingsplan nie 'n verantwoordelikheid van munisipaliteite is nie, moet daar, op versoek van rdl Philander, gepoog word om insentiewe daar te stel om geleenthede te gee aan die voorheen benadeelde groepe om tot die ekonomie toe te tree;
(3) Met verwysing na volledige inligting aangaande die Artikel 78-ondersoek insake grootmaat waterdienste, bevestig die Munisipale Bestuurder dat daar nie 'n probleem is met die diensleweringsmodel nie – volgehoue watervoorsiening deur die Weskus Distriksmunisipaliteit deur die ernstige droogte is spreekwoordelik hiervan. Nuwe wetgewing verplig egter die uitvoering van 'n Artikel-78 ondersoek, en sal die uitslag aan die Raad gekommunikeer word;
(4) Op navraag van rdl N S Zatu aangaande die beskikbaarstelling van sosiale behuising (GAP en FLISP) noem mnr Steenkamp dat daar in proses is om die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) te wysig wat die gebiede vir sosiale behuising sal aandui. Die konsep ROR word in Januarie aan die Raad voorgelê waarna 'n publieke deelname proses sal volg. Rdl Zatu versoek dat 'n betroubare implementeringsagent aangestel moet word om die sosiale behuisingsprojekte te implementeer.

7.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2018 tot 30 September 2018.

7.2 ONDERSOEKE NA ONREËLMATIGE UITGAWES ASOOK VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Daar word op 'n kwartaallikse basis aan die Raad verslag gedoen insake enige ondersoeke na ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige inligting aangaande twee gevalle van verkeersboetes wat aan bestuurders van munisipale vragmotors uitgereik is as gevolg van oorlading. Die gevalle is deur die Dissiplinêre Raad ondersoek en is daar bevind dat die vragmotorbestuurders nie nalatig was of opsetlik die verkeersreëls oortree het nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat kennis geneem word van die vordering van die Dissiplinêre Raad in ondersoeke aangaande ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes, naamlik dat

(i) alle vorige aangeleenthede afgehandel is;
(ii) verder kennis geneem word van die inhoud van die Rekord van Besluitneming (ROD) van die Dissiplinêre Raad (Aanhangsel A) ten opsigte van die ondersoek insake vrugtelose en verkwiste uitgawes;
(iii) die aanbeveling van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsel A van die verslag goedgekeur en geïmplementeer word met betrekking tot die afskrywing van die verkeersboete van R2 150,00 wat namens die vragmotorbestuurder betaal is;
(iv) die verkeersboete wat uitgereik is vir die oorlading van voertuig, CK 27606, nie op vrugtelose en verkwiste uitgawes neergekom het nie deurdat die Hof die kostes onttrek het en die Munisipaiteit dus geen finansiële verlies gely het nie;
(v) die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, in samewerking met die Afdeling: Menslike Hulpbronne, reël vir opleiding aan vragmotor-bestuurders en operateurs van *front-end loaders* om oorlading van munisipale voertuie te voorkom.

7.3 2019 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die konsep 2019 Vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2019 aanvaar word;

(b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;

(c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;

(d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

GETEKEN:
SPEAKER